Back of item removed due to heavy mold



# Anti-kapitalis se droom word nou bewaarheid

Roline Norval

**DAT Baaienaars nie weer 'n fortuin aan vervoer hoef te betaal om 'n groep van internasionale aansien soos Crosby, Stills & Nash te sien optree nie, het baie te doene met David Marks se uitkyk op die lewe. Dié "filantroop" in die wêreld van musiekpromosies dra nie verniet pal 'n leergordel van die destydse Rooi Leër nie.**

Dis sy anti-kapitalistiese simbool, en kapitalisme en geld is twee woorde wat Marks uit die woordeboek sou laat, as hy kon. Vir hom draai alles om musiek. Hy is seker die eerste promotor wat sy geldsake uitwerk deur te begin met die uitgawes, en van daar af terug te werk sodat hy die goedkoopste moontlike pryse vir sy kaartjies kan vra.

Marks is in murg en been 'n ou hippie uit die Woodstock era. Met Crosby, Stills & Nash het hy die eerste keer kennis gemaak toe hy onder die verhoog by Woodstock vir die eerste keer in dae aan die slaap geraak het, en met hulle musiek in sy ore wakker geword het.

Toé reeds het 'n droom begin vorm aanneem om dié groep in Suid-Afrika te sien optree. Destyds het hy met die klank by Woodstock gehelp, min wetende dat die droom enige hoop het om bewaarheid te word.

Die optrede van Crosby, Stills & Nash in Port Elizabeth is 'n groot eksperiment en waagstuk, waarin idealisme die oorhand oor versigtigheid en kapitalisme gekry het.

Waar ander promotors dit nie buite Johannesburg en Kaapstad en miskien Durban wil waag nie, het hy 'n plan bedink om die hele Suid-Afrika te betrek. Dit kos te veel om die hele gevolg van so 'n belangrike groep van plek tot plek te laat reis. Om reiskoste te besnoei het Marks besluit om waar hy kan van die mense wat vir die welsyn van so 'n groep verantwoordelik moet wees, te vervang met plaaslike mense op die plekke waar die groep optree.

In Port Elizabeth gebruik hy byvoorbeeld 'n plaaslike promotor, Gary Hemmings, om die reklame te doen, plaaslike sekuriteitsmense en tegnici. Met 'n kern van plaaslike kundiges, wat met dié optrede ervaring opdoen, hoop hy om in die toekoms weer van hulle gebruik te kan maak.

Dit het Marks meer as 18 maande gekos om Bill Siddons, bestuurder van die groep, te oorreed dat Port Elizabeth geskik sal wees om op te tree. " 'n Groep van die aansien van Crosby, Stills & Nash, wat in Amerika as koninklikes beskou kan word, word soos ander lande se koninklikes beskerm, sê hy. Volgens hom is die groep self almal nederige mense, maar hulle word beskerm deur 'n hele kordon van mense wat sorg dat hulle net die beste kry, en hul internasionale status gehandhaaf word.

In Port Elizabeth is daar byvoorbeeld geen vyfster-hotelle nie – iets waarop hierdie groep beskermers gewoonlik aandring. Marks het hierdie probleem omseil deur Siddons, 'n ywerige branderplankryer, daarop te wys dat die branders van die plekke in die rolprent *The endless Summer* net om die draai is. Hy meen dit is een van die groot redes wat die deurslag gegee het vir Siddons se toestemming.

Om plaaslike talent te bevorder, is een van Marks se groot dryfvere – Johnny Clegg is een van die eens obskure musikante wat hy onder sy vlerk geneem het, wat vandag 'n groot naam is. Groepe soos Crosby, Stills & Nash tree gewoonlik sonder 'n voorprogram op, maar ook hier het Marks gesorg dat van die ongeskrewe reëls afgewyk word. Hy het opnames van verdienstelike plaaslike groepe voorgelê, en die organiseerders oorreed om van dié groepe in voorprogramme te laat optree.

● 'n Gelukkige leser kan twee kaartjies vir Cosby Stills & Nash se konsert eerskomende Sondag in die UPE se binnenshuise sportsentrum wen deur dié foto uit te knip en in 'n koevert te plaas saam met hul naam, telefoonnommer en adres. Dit kan geadresseer word aan Die Kunsredaksie en by die deur van Die Burger se kantoor in Cawood Straat afgelewer word. Die meeste van die kaartjies vir dié konsert is reeds uitverkoop, maar ekstra sitplekke is ingeruim.

Kaartjies kos tussen R75 en R110. Bespreek by Computicket of vir kredietkaarte by ☎ 34-4550/1.

Die deure is van 18:30 af oop en die konsert begin om 20:00.



**David Marks.**

3rd EAR MUSIC Co. (PTY) LTD.
PO BOX 61811
BISHOPSGATE